Wes-Kaapse Regering
Onderwys

**Direktoraat: Kurriculum VOO**

# TELEMATIESE ONDERRIG 2019

# GESKIEDENIS

# GRAAD 10

| Dag | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| Donderdag | 28 Februarie | 15h00 – 16h00 | Songhai Koninryk<br><br>Spaanse  Oornames |
| Woensdag | 14 Augustus | 15h00 – 16h00 | Die Franse Rewolusie |
| Woensdag | 14 Oktober | 15h00 -16h00 | Transformasie in Suider Afrika in die 18de Eeu en die 19de Eeu |

**Neem asseblief kennis**

1. Die telematiese sessies sal insluit:

   - 'n Power Point aanbieding van die inhoud
   - Voorstelle oor hoe om na bron gebaseer vrae te verwys
   - Riglyne oor hoe om 'n paragraaf te skryf
   - 'n Strategie oor hoe om 'n argument te ontwikkel tydens die skryf van 'n opstel.

2. U moet die inhoud deurlees ter voorbereiding vir elke sessie.
3. Het 'n pen / potlood om deur die aktiwiteite wat in hierdie boekie ingesluit word, te werk.
4. Voel asseblief vry om 'n WhatsApp-boodskap te stuur tydens die aanbieding indien u enige vrae het vir duidelikheid

## SESSIE 1: DONDERDAG, 28 FEBRUARIE 2019

# SONGHAI KONINRYK

### HOE GOED KEN JY JOU KONTINENT?

Waar was Songhai geleë?

***Gao was die hoofstad van Songhai, geleë in vandag se Moderne Mali, op die oewers van die NigierRivier. Die Songhai Koninkryk het vanaf 1464 tot 1591 gestrek. Voor die 1400s was Songhai onder die heerskappy van die Mali Koninkryk. Die Songhai Koninkryk het onstaan onder die leierskap van Sonni Ali.***




### Van wanneer af het die Songhai Koninkryk beheer ontstaan?

- Die Songhai Koninkryk het vanaf 1464 tot 1591 gestrek. Voor die 1400s, was die Songhai egter onder die beheer van die Mali Koninkryk.

### Hoe het die Koninkryk eintlik ontstaan?

- Die Songhai Koninkryk het onder die leierskap van Sonni Ali magtig geword
- Sonni Ali was ’n prins van Songhai.
- Sonni Ali is deur die Mali Koninkryk, wat toe Songhai beheer het, as ‘n politieke gevangene aangehou.
- In 1464 het Sonni Ali ontsnap na die stad van Gao, waaarvan hy later beheer oorgeneem het.
- Vanaf Gao het hy die Songhai Koninkryk uitgebrei, deur militêre beheer van ander belangrike handelsentrums oor te neem, insluitende die belangrike handelstede in die omgewing van Timboektoe en Djenne.

### Askia Muhammed

- Askia Muhammed het in 1493 die leier van Songhai geword.
- Hy het die Songhai Koninkryk uitgebrei deur die Askia Dinastie te vorm.
- Askia Muhammed was ’n vroom Moslem.
- Islam het onder sy beheer ’n belangrike aspek van die koninkryk geword.
- Hy het baie van die omringende lande militêr beset en sodoende die beheer van die goud - en southandel van die Mali Koninkryk oorgeneem.

**Regering**

- Die Songhai Koninkryk was verdeel in vyf provinsies, (Oxford sê vier) wat elk deur sy eie goewerneur bestuur was.
- Alle goewerneurs, regters en plaaslike gemeenskapshoofe onder Askia Muhammad, was Moslems.
- Die Keiser het totale mag gehad, maar hy het ook ministers aangestel wat verskillende aspekte van die koninkryk vir hom bestuur het.
- Die Keiser het raadgewers gehad, wat die Keiser van raad voorsien het in die bestuur van die land.

**Die Songhai Kultuur**

- Die Songhai kultuur was deels tradisioneel Wes - Afrikaanse plaaslike gebruike of die Islamitiese geloof.
- Die daaglikse lewe was meestal deur tradisionele gebruike beheer, maar die landswette was amptelik op die Islamitiese geloof gebaseer.

**Slawerny**

- Slawehandel was ’n belangrike aspek van die Songhai Koninkryk.
- Slawe was gebruik om goedere oor die Sahara woestyn na Morokko en die Midde – Ooste te vervoer.
- Slawe was ook aan Europieërs in Europa en in die Amerika’s verkoop om daar te werk.
- Slawe was gewoonlik gevangenese van oorloë, gevange geneem tydens aanvalle op naburige streke.

**Val van die Songhai Koninkryk**

- Gedurende die middel -1500's het die Songhai Koninkryk begin verswak as gevolg van interne struwelinge en burgeroorloë.
- In 1591het die Morokkaanse weermag, die Songai – Koninkryk binnegeval, en die stede van Timboektoe en Gao beset.
- Die Songhai – Koninkryk het in duie gestort en dit was onderverdeel in ’n reeks kleiner onafhanklike state.

**Interessante Feite omtent die Songhai – Koninkryk**

- Sonni Ali het ’n legendariese figuur geword en hy word onthou in veral Songhai storie - vertellery en het ’n mite geword.
- Hy word meestal voorgehou as iemand met magiese magte en word onthou as Sonni Ali, die Grote.
- As ’n prisonier van oorlog die Islamitiese gelooof aangeneem het voordat hy gevangene geneem was, kon hy nie as ’n slaaf verkoop word nie.
- Wes- Afrikaanse storievertellers staan tot vandag toe bekend as griots.
- Die geskiedenis van die Songhai - Koninkryk was van een generasie tot ‘n ander deur die griots oorvertel.
- Timboektoe het bekend gestaan as ’n belangrike stad van handel en opvoeding gedurende die Songhai – Koninkryk.

(Aangehaal uit: https://www.ducksters.com/history/africa/songhai_empire.php)

**Antieke Afrika: Songhai - Koninkryk**

**Aktiwiteite**

<table>
<tr><th colspan="2">SONGHAI WOORDSPELETJIE</th></tr>
<tr><td>1) Waar was die Songhai – Koninkryk geleë?<br>o Suider - Afrika<br>o Oos - Europa<br>o Wes - Afrika<br>o Suid - Amerika<br>o Midde - Ooste</td><td>6) Watter geloof het ’n groot rol gespeel in die Songhai regering en kultuur?<br>o Taoism<br>o Judaïsme<br>o Boeddhisme<br>o Christendom<br>o Islam</td></tr>
<tr><td>2) Watter rivier het langs die meeste van die Songhai – Koninkryk gevloei?<br>o Kongo Rivier<br>o Nigerrivier<br>o Nyl Rivier<br>o Amasone Rivier<br>o Yangtze Rivier</td><td>7) Wat was een van die maniere hoe ‘n gevangene kon verhoed het om as ’n slaaf verkoop te word?<br>o Word gevang deur die vyand in ’n vyandelike rooftog<br>o Bewys dat jy ‘n Christen is<br>o Bekeer tot Islam<br>o Almal van die bogenoemde<br>o Geeneen van die bogenoemde nie.</td></tr>
<tr><td>3) Watte leier het die Songhai – Koninkryk gestig?<br>o Shaka Zulu<br>o Mansa Moesa<br>o Hannibal<br>o Sonni Ali<br>o Soendiata</td><td>8) Wat was ‘n griot?<br>o ‘n Goewerner van ’n provinsie<br>o ‘n Storieverteller<br>o ‘n Slawehandelaar<br>o ‘n Hooggeplaaste Islamietiese leier<br>o ‘n Ysterwerker</td></tr>
<tr><td>4) Hoekom, dink jy was slawerny so belangrik vir die Songhai- Koninkryk?<br>____________________<br>____________________<br>____________________<br>____________________<br>____________________</td><td>9) Watter belangrike geografiese kenmerk was geleë net noord van die Songhai Koninkryk?<br>o Saharawoestyn<br>o Stille Oseaan<br>o Nylrivier<br>o Andes Gebergtes<br>o Berg Kilimanjaro</td></tr>
<tr><td>5) Wat was die hoofstad van die Songhai - Koninkryk<br>o Gao<br>o Koumbi Saleh<br>o Mogadishoe<br>o Addis Ababa<br>o Tripoli</td><td>10) Watter koninkryk het die streek voor die Songhai Ryk beheer?<br>o Egiptiese Koninkryk<br>o Mali se Koninkryk<br>o Die Spaanse Koninkryk<br>o Die Chinese Koninkryk<br>o ‘n Islamitiese Koninkryk</td></tr>
</table>

https://www.ilibrarian.net/audio/ancientafricasonghaiempire.mp3

## Werk met bronne

Die bron hieronder verduidelik hoe handelaars hul goedere in die woestyn beweeg het.

Handelaars oor die Saharawoestyn beweeg in groot groepe genaamd, karavane. Kamele was die beste vorm van vervoer en was gebruik om goedere en mense te karwei. Die kameel was die belangrikste element van die karavaan. Sonder kamele sou handel oor die Saharawoestyn onmoontlik gewees het. Kamele is uitstekend aangepas om vir lang periodes sonder water te wees. Hulle kon ook oorleef deur hul liggaamstemperatuur te handhaaf volgens die toestande in die woestyn, veral die hitte van die dag en die koue van die nag.

Slawe het somtyds ook goedere gedra. Vervoer met kamele was stadig, uitputtend en gevaarlik. Dïe gevare was oormatige hitte, sandstorms, dood deur hongersnood, aanvalle deur stropers en die moontlikheid om verlore te raak in die woestyn. Die trans - Sahara handel het die karavaanroetes met die oases verbind. Die sogenaamde Silk Road vervoer was reeds tydens die Brons-Era in gebruik, alhoewel die alledaagse gebruik van kamele algemene gebruik was. Karavane het oor die algemeen ‘n duisend kamele ingesluit, alhoewel dit somtyds ongeveer 12 000 kamele was. Verkenners was vooruit die oasisse uit gestuur om water vir die karavane dae voor die tyd te verkry. Groot karavaan prosessies was maliker om te verdedig teen aanvallers. Vandag se karavaan transport word gedoen op teer paaie netwerke addisioneel tot vervoer per see en lug. Die Tuareg kameel karavane beweeg vandag nog op die tradisionele Sahara roetes belaai met sout vanaf die woestyn binneland tot gemmenskappe wat bly op die woestyn eindpunte.

**Van:https://www.sahistory.org.za/article/term-1-kingdom-mali-and-city-timbuktu-14th-century**

## Vrae

1. Wat, volgens die bron, was ‘n karavaan? (1 x 2) (2)
2. Dui die belangrikste vorm van vervoer in die woestyn aan. (1 x 1) (1)
3. Hoekom, dink jy, was hierdie vorm van vervoer in die woestyn gebruik? (2 x 2) (4)
4. Gebruik die bronne en jou eie kennis en verduidelik die rol van verkenners in die woestyn? (1 x 2) (2)
5. Lewer kommentaar op die nadele van karavane as ’n vorm van vervoer in die woestyn? (2 x 2) (4)

**Bron B**

Die uittreksel hieronder help ons om die rol van Sonni Ali in die Songhai – Konikryk beter te verstaan.

Sonni Ali het die Gao koninkryk aggressief verander tot die Songhai – Koninkryk. Ali se weermag en vloot was gebaseer op ‘n kavallerie van bedrewe ruiters en ‘n hoogs mobiele eenheid van skepe. Met die militarie het hy die stede van Timboektoe en Djenne verower. Die Berbers, wat altyd ‘n sentrale rol in die val van die Sahara Koninkryke gespeel het, was as gevolg van Sonni Ali se weermag uit die streek verdryf. Rondom dieselfde jaar toe Christopher Columbus die Westelike halfrond bereik het, het Askia Muhammad Touré (1493-1528), die Askia dinastie van Songhai begin. Muhammad Touré het Sonni Ali's se imperiële uitbreiding vergroot deur die belangrike Sahara oasisse en Mali himself oorwin. Daarna het hy Hausaland verower. Askia Mohammed se uitgebreide koninkryk het die grootste gedeelte van Wes – Afrika beslaan, selfs groter as díe van al die Europese state gekombineerd. Songhai, het met al die derduisende kulture onder sy beheer, as die grootste koninkryk van alle tye gerang.

Om die groot koninkryk te beheer, het Muhammad Touré sy regering verder gesentraliseer deur ‘n groot en ‘n uitgebreide burokrasie te stig.Hy was ook die eerste een om gewigte, lengtes en breedtes en geldeenhede te standardiseer en ‘n homogene kultuur in Songhai te ontwikkel Muhammad Touré was ‘n hoogs bekeerde Moslem en hy het die tradisionele Songhai gemeenskap geïslamatiseer deur tradisionele Songhai administrateurs met Moslems te vervang. Hy het Islamitiese regters aangestel, genoem as qadis, om die regstelsel te verander gegrond op Islamitiese regsbeginsels. Die program van oorname, sentralisering en standaardisering was die ambisieusste en verrykende in Akrika op daardie stadium. Dit is van belang dat terwyl die stedelike streke gedomineer was deur Islam, die nie-stedelike streke nie-islamities was. Die oorgrote meerderheid van Songhai bevolking, omtrent 97%, volg vandag nog steeds tradisionele Afrika - gelowe.

**Vrae**

1. Benoem TWEE dinge in die bron wat bewys dat Ali se uitbreidings militêr gebaseer was? (2 x 1) (2)
2. Noem TWEE stede wat deur hom soos aangedui in die bron verower was. (2 x 1) (2)
3. Verduidelik die rol van Askia Muhammad Touré in die opbou van Songhai. (2 x 2) (4)
4. Kommentaar op die wyses wat Muhammad Touré die regering gesentraliseer het. (2 x 2) (4)

Gaan na - https://quizlet.com/123641936/gravity

https://www.ilibrarian.net/audio/ancientafricasonghaiempire.mp3

## ONDERWERP 2: EUROPESE UITBREIDING EN OORNAME IN DIE TYDPERK, DIE 15DE TOT 18DE EEU

### SPAANSE OORNAMES

**Konsepte**

| | |
|---|---|
| inboorlinge | Oorspronklike bevolking |
| Koloniale beset | Koloniale magte het lande polities, sosiaal en ekonomies oorgennem, gewoonlik uit die Derde Wêreld, Afrika, Asië, Latyns Amerika, ens. |
| conquistadors | Spaanse soldate wat die Inka en Asteke koninkryke militêr verslaan het. |
| Tribuut/ betalings | Gekoloniseerde bevolkings moet ‘n hutbelasting betaal, soos met die Minerale Rewolusie in Suid-Afrika. Dit was egter nie net beperk tot Suid-Afrika nie, dit het amper in alle koninkryke plaasgevind. |
| Kolonialisme | Sisteem van militêre, ekonomiese en administratiewe beheer en uitbreiding deur vreemde magte, gewoonlik deur die meer ontwikkelde Europese lande. Lande, soos in koloniale beset, se natuurlike hulpbronne is byvoorbeeld ontgin en die koloniale magte het hulself hierdeur verryk. |
| Encomienda | Sisteem waardeur Spaanse settelaars hulde of betalings van die plaaslike mense vir hulself kon vaslê en neem. |
| onafhanklik | Die reg van mense om hulself te regeer. |




**Cortés verslaan die Asteke en neem beheer oor**

- Europese regeerders wou rykdomme vind en het gevolglik ontdekkers wat nuwe wêrelde wou ontdek, gebruik om die rykdomm in vreemde lande te gaan verken en die rykdomme terug na Europa te bring.
- Hernán Cortés het 'n soektog na Mexiko in 1519 onderneem.
- Hy het 600 Spaanse conquistadors (soldate) met perde en wapens saam geneem.
- Hy wou staus, rykdom en bekendheid verwerf.
- Cortés het van die Asteke gehoor.
- Die Asteke het 'n koninkryk wat hedendaagse Mexiko insluit, gehad.
- Die hoofstad, Tenochtitlán, was pragtig en massief in struktuur.
- DIt was twee keer groter as enige Europese stede.
- Die Astekeekse regeerder, Moctezuma, het Cortés verwelkom, maar Moctezuma het kort hierna die Spanjaarde weggestuur.
- Die conquistadors/ Spaanse soldate was gierig vir goud.
- Sy soldate het perde, gewere, kanonne en buskruit gehad, en die Asteke het geen soortgelyke wapens gehad om hulself te verdedig nie.

- Pokkies het baie Asteke, nes met die Khoisan, verswak. Dit was ’n Europese siekte en die Asteke se immuunstelsel het geen verweer daarteen gehad nie.
- Cortés het hulle maklik verslaan.
- In 1535, het Spanje die Asteke verslaan, beheer is oorgeneem en vernoem na Nuwe Spanje.
- Na Cortés, het ander Spaanse soldate na Sentraal Amerika en Suid-Amerika gestuurom die plekkete verken om goud en ander rykdomme te vind.
- Pizarro het die Inka koninkryk in Suid-Amerika in die 1530s verower.

**Ontdekking van Noord-Amerika**

- Conquistadors het na die noorde gegaan op soek na goud. Juan Ponce de León het hedendaagse Florida vir Spain in 1513 verower.
- Hy was op soek na ’n sogenoemde ‘Fontein van Jeug’.
- ‘n Legende sê dit sou ‘n ouer persoon jonger maak.
- Spanje het de Soto gestuur om goud in die gebied van Florida in 1539 te kry.
- Hy het so ver as die Mississippi Rivier gegaan, maar geen goud is gevind nie.
- Die Spaanse soldate het die Inheemse Amerikaanse verslaan en slawe van hulle gemaak.
- In 1540, het Francisco Vásquez de Coronado en sy manne 3,500 myl optog gehad op soek na goud.
- Spaanse ontdekkers was die eerste Europieërs wat die meeste van Noord-Amerika verken het.
- Hulle het baie omtrent die geografie en mense van die streek geleer.

Van:https://www.eduplace.com/ss/socsci/books/content/ilessons/51/ils_gr5b_u2_c03_l4.pdf

**Paragraafskrywe**:

Gebruik die inligting wat hierbo gegee is en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van omtrent ses sinne, of sestig woorde wat die Spaanse ontdekkers en hul plundery op soek na goud, te beskryf.

1. Lewer kommentaar oor hoekom sommige van die Astekeekse bevolking gehelp het om die Asteekse koninkryk te verslaan en Cortés gehelp het in die verowering.
   Aztecs? (6)

2. Gebruik die bronne en jou eie kennis en verduidelik wat die Spanjaarde beoog het om in die lande noord van Mexiko te vind? (6)

**Die Spaanse verowering van die Asteke en die Inkas:**

Die Spaanse verowering van die Amerika's was verbind tot Columbus se seetogte van ontdekking.

Die Amerika's was die Nuwe Wêreld genoem.

Die eerste kontak was met mense van die Karribiese Eiland, die. Arawaks en die Caribe gemaak. Hulle was boere en vissermanne, maar het die slawe van die Spanjaarde geword. Hulle moes hul eie landerye op die suikerplantasies vir die Spanjaarde bewerk, wat hul boonop ook forseer het om die Spaanse geloof en tradisies te aanvaar.  Hulle het gemeenskappe gevestig en bly - en werksplekke op die eilande van Hispaniola, Kuba, Puerto Rico en Jamaika opgerig, en moes die Spaanse benamings aanvaar wat op hulle forseer was.

**Die Spaanse verowering van die Asteke en die oorname van die Asteke:**

**Spanjaarde het probeer om goud en silwer in Sentraal en die groter Amerika kontinent, te vind.**

- DieAsteke was die grootste koninkryk en staat in Sentraal Amerika.
- Moctezuma, die Keiser, het enorme mag, 'n groot leër en omtrent tien miljoen mense gehad.
- Die Astek hoofstad, Tenochtitlan, was 'n besige en vooruitstrewende stad met 'n bevolking van ongeveer, 300 000, mense.
- Die Astek verowering het om en by 1519 begin.
- 'n Klein groep Spaanse soldate, gelei deur 'n avonturier, Hernan Cortés, het op die kus geland en binnelands marsjeer om die Astek Koninkryk te verslaan. Dit het binne drie jaar plaasgevind. Moctezuma was vermoor, sy koninkryk verplunder en die stad van Tenochtitlan was vernietig.

**Die Spaanse verowering van die Inkas:**

- Die Inka Koninkryk in Suid-Amerika was die grootste, mees suksesvolle Inka koninkryk sowel as die vooruitstrewende en ontwikkelde konikryk in die Amerika's.
- Tien jaar na die Asteke verowering was nog 'n groep conquistadors/ Spaanse soldate gelei deur Francisco Pizarro, wat hul aangeval en die hele koninkryk ten volle verower het.
- Ander Spaanse soldate het ook ander dele van die Amerika's verower, behalwe vir Brazil wat deur die Portugese gekoloniseer was. Spaanse settelaars egter ook daar begin lewe.
- Die Spanjaarde het ook gemeenskappe, stede en, valleie in Florida en Californië oorgeneem.

**Die impak van die Spaanse verowering op die mense van die Amerika's:**

- Die mees onmiddellike impak was die drastiese afname van die aantal bevolking van die oorspronklike inboorlinge.

**Redes:**

- Die gevolg van gewelddadige Spaanse verowering en oorlogvoering.
- Siektes soos pokkies en masels.
- Wrede behandeling van die inboorlinge deur die Spanjaarde – het 'n sisteem bekend as encomienda bekendgestel – Spaanse setlaars het die reg gehad om hulde van die plaaslike mense te kollekteer – hulde was in die vorm van produkte of arbeid.
- Spanje het enorme rykdom opgebou deur die goud - en silwermyne van hul kolonies – die plaaslike bevolking het onder haglike toestande in hierdie myne gewerk– hulle was soos slawe behandel – derduisende het gesterf. Spommige Spanjaarde het in opstand gekom teen die slegte behandeling soos die monnik, Bartolomé de las Casas – hierdie bydrae het daartoe gelei dat die Spaanse regering 'n aantal wette uitgevaardig het wat die sisteem van invordering beperk het.

**Die impak van slawehandel:**

- Die Spanjaarde het slawe van Portugal en later van ander Europese lande gebring.
- Daar was altesaam omtrent 1.5 miljoen slawe in Spaanse Amerika.
- Die meeste van hulle het op die suikerplantasies op die Spaanse Karribiese eilande van Puerto Rico, Hispaniola and Kuba gewerk.
- Ander slawe het op die Amerikaanse vasteland gewerk, op plase en veeboerdery in Noord- Mexiko, die silwermyne van Mexiko en Peru en die suikerplantasies in Panama.
- Slawe uit Afrika het in die dorpe gewerk. In 1640 was daar 20 000 slawe in Lima.
- Die Spanjaarde het mense volgens ras geklassifiseer.
- Sommige slawe het weggehardloop – 1553 het aan boord van 'n Spaanse skip beheer oorgeneem en het dit laat skipbreuk ly aan die kus van Ecuador.

**Opstelvraag**

Die Spaanse verowering van die Aztec Koninkryk, of die Spaanse–Aztec oorlog, was een van die belangrikste en komplekse gebeurtenisse in die geskiedenis van die wêreld

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou antwoord te bewys.

[50]

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

**SESSIE 2: WOENSDAG, 14 AUGUSTUS 2019**

## DIE FRANSE REWOLUSIE

## HOE HET DIE FRANSE REWOLUSIE DIE FONDAMENT OF BOUSTENE VIR MODERNE DEMOKRASIEË GEL ?




## KONSEPTE

| | |
|---|---|
| Absolute regering | 'n Vorm van regering waar die regering onbeperkte mag in die land of oor die mense het. Die mense het geen sê hoe hul regeer word nie |
| Gematigdes | Gemiddeld, nie ekstrimisties nie. |
| Radikaal | Deur en deur vasbeslote vir die totale omwerping van 'ou' Frankryk, drasties, ekstrimisties. |
| Feodale registers | Dokumente waarin feodale verhoudinge vasgestel is - jy het aan die kleinboere behoort, kleinboere was die 'eiendom' van die edellui, díe het besluit waar hul leef, in watter valleie ens. |
| Tithe | Tien persent van een se inkomste of produksie is betaal aan die Kerk, byvoorbeeld as belasting |

**VIR DIE MENSE DEUR DIE MENSE**







**TIMELINE**

| DATUM | GEBEURTENIS |
|---|---|
| Julie 1788 | Sameroeping van die State Generaal |
| 17 Junie 1789 | Die Derde Stand verklaar hulself as die Nasionale Vergadering |
| 14 Julie 1789 | Betorming van die Bastille |
| Laat Julie 1789 | Die Groot Bang voor die Terreur |
| 4 Augustus 1789 | Die Adelstand doen afstand van hul spesiale voorregte |
| 20 April 1792 | Die Wetgewende Byeenkoms verklaar oorlog teen Oostenryk |
| 21-22 September 1792 | Die monargie word vervang, dit is die einde van díe instelling |
| Januarie 1793 | Louis XVI word geguillotine, m.a.w., hy word onthoof |
| Junie 1793 | Die Jakobyne neem mag oor |
| 28 Julie 1794 | Robespierre word onthoof, geguillotine |
| 1799 | Napoleon neem mag oor; die Rewolusie eindig |



Die bestorming van die Bastille, Julie 14 1789. Honderde
Parysenaars en werkers bestorm die Bastille fortres,
Dit dui aan die begin van die Franse Rewolusie.
**Bron: www.discoverfrance.net**

### Agtergrond en fokus:

- Die Franse Rewolusie dui 'n belangrike hoofstuk in die geboorte van die moderne wêreld.
- Die rewolusie bring mee die val van die ou orde, die Ancien Regimé en die vervanging daarvan met 'n regering gebaseer op demokratiese beginsels.

## WAT WAS DIE FAKTORE WAT GELEI HET TOT DIE FRANSE REWOLUSIE VAN 1789?

### Politieke toestande voor 1789:

- Absolutisme – Die koning was 'n absolute monargis, hy was deur God aangestel en het dus Goddelikke Reg gehad om te regeer. Sy onderdane moes sy besluite sonder bevraagtekening uitvoer
- Die State Generaal was nie vir 14 jaar byeen geroep na 1614 nie, aangesien daar toe 'n misbruik van mag en oneffektiewe bestuur was.
- Parlement: Frankryk was opverdeel in 13 distrikte onder die jurisdiese bestuur van 'n regshof. Die howe het 'n register van die wette geproklameer deur die koning. Hulle het ook kriminele gevalle besleg.
- Publieke sensors. Die prys van van brood was vas belê, dit kon nie verander word nie.

**Sosiale toestande voor die rewolusie:**

**Strukture van die Franse Gemeenskap:**

**Verdeel in 3 sosiale klasse, genaamd stande**:

**Eerste Stand**

- Kerklui: Boonste kerklui (Adelstand by geboorte) en die Laer Kerklui (gewone burgers).
- Die Kerklui het 1% van die bevolking beslaan, maar hulle het 10-15% van die Land
  besit; vrygestel van belasting betaal, het dit tithes gekollekteer.


**Tweede Stand**

- Adellikes: Adel by geboorte; Adel by Ampsgewaad, (kon posisies koop).
- is 2-is 2 -5% van die bevolking;  besit 20 % van die land; beklee hoogste posisies in die kerk, leër  en en regering.
- They vrygewaar van belasting betaal, kollekteer huur rent & feodale eiese wat hul toekom; geen verpligte militêre diensplig nie.

**Derde Stand**

- Gewone mense: Die bourgeoisie, die kleinboere, die werkers.
- Bourgeoisie -8% van bevolking; -goed opgevoed & ryk; besit 20% van die land.
- Kleinboere - 90% van die bevolking – Het belasting betaal aan die staat; die {gabelle &taille}; betaal feodale betalings aan die adelstand.
- Het ombetaalde arbeid verrig aan die staat. Het gelewe in haglike - Werkers - sans culottes; lae salarisse, gelewe in stedelike streke.

‘n Gewone burger (Derde Stand) dra die edelikkes en Kerklui op hul ruê




Trois Ordres by M. P. 1789
Bron: Bibliothèque nationale de France

1. Identifiseer die DRIE STANDE genoteer as byskrifte A, B en C in die spotprent. (3 x 1) (3)
2. Verduidelik hoe die regte van C uitgebuit was? (2 x 2) (4)
3. Lewer kommentaar op die voorregte van byskrifte A en B gedurende die tydperk. (2 x 2) (4)
4. Hoe bruikbaar is die spotprent om die Franse gemeenskap van 1789 te verduidelik? (2 x 2) (4)

Die Franse Rewolusie

Redes vir die Franse Rewolusie

- Bestudeer die video uittreksel en beantwoord die **Opstel-tipe Vraag** wat daarop gebaseer is.
- DIt was die sosiale, politieke en ekonomiese redes wat bygedra het tot die Franse Rewolusie. Stem jy saam met die stelling? Gebruik bewyse om jou antwoord te staaf.
  [50]

**OPSTEL-TIPE/ LANGVRAAG**

**ONTHOU!!**

**INLEIDING: JOU INLEIDING MOET 'N VERBINDING TOT DIE VRAAG H**

**Stap een: neem 'n standpunt in en verwys na die vraag [Inderwaarheid,**

**Ek stem saam, stem nie saam nie, Ek verskil, Ek stem gedeeltelik saam]**

**Stap twee: redes [waarom]**

**Stap drie: orienteering/ logika van argument/ vloei daarvan, ens. [die langvraag]**

**KONKLUSIE**

- ✓ **Som die langvraag op**
- ✓ **Geen nuwe opmerkings/ stellings/ waarnemings in die konklusie nie**
- ✓ **Begin met 'n konklusie/ eindende stelling**
- ✓ **Verwys na die oorproklike vraag**
- ✓ **Som/ trek die belangrikste punte bymekaar**
- ✓ **Verander die inleiding na die slot**

**Vrae op die vasvra gebaser op die informasie op die Franse Rewolusie - Redes**

| Kom ons kyk wat jy kan onthou | |
|---|---|
| **1)** Watter tipe regering het Frankrykvoor die Franse Rewolusie gehad?<br>o Republiek<br>o Demokrasie<br>o Monargie<br>o Kommunisme<br>o Sosialisme | **6)** Kommentaar op die feit dat die gewone burgers verskeie sort belasting moes betaal, terwyl die adelstand vrywaring van dit ontvang het.<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________ |
| **2)** Wat was die sosiale klasse in Frankryk genoem?<br>o Kaste<br>o Grade<br>o Rang<br>o Stande<br>o Stasies | **7)** Watter sosiale klas het die gewone Mense en kleinboere aan behoort?<br>o Eerste Stand<br>o Tweede Stand<br>o Derde Stand<br>o Laer Stand<br>o Hoër Stand |
| **3)** Wie het die meeste van die belasting in die Franse regering betaal?<br>o Adelstand<br>o Gewone mense<br>o Koning<br>o Rykes<br>o Kerk | **8)** Watter sosiale klas het die kerklui en die kerk leiers aan behoort?<br>o Eerste Stand<br>o Tweede Stand<br>o Derde Stand<br>o Laer Stand<br>o Hoër Stand |
| **4)** Wat het veroorsaak dat die Franse regering so baie skuld opgebou het?<br>o Oorlog met Groot Brittanje<br>o Hulle het die VSA in die Rewolusionêre Oorlog gehelp<br>o Uitspattige besteding deur die koning<br>o Almal bo genoem<br>o Geen van die bogenoemde nie | **9)** Wat was die 'gabelle'?<br>o ‘n Belasting op sout<br>o ‘n Tipe brood geëet deur die gewone mense<br>o ‘n Arbeidsbelasting op die kleinboere<br>o Om verniet te werk<br>o Die opvolger na die troon van die Franse koning<br>o Die naam van die Franse<br>o Regering voor die Franse<br>o Rewolusie |
| **5)** Die prys van watter gewone kos Het die hoogte ingeskiet voor die Franse Rewolusie?<br>o Rys<br>o Wyn<br>o Koring<br>o Sjokolade<br>o Brood | **10)** Wat was die hoofredes vir die uitbreek van die Franse Rewolusie<br>o Skuld en belasting<br>o Hongersnood<br>o Veranderinge in die kultuur<br>o Politiek<br>o Almal bo genoem |

**SESSIE 3: MAANDAG, 14 OKTOBER 2019**

**ONDERWERP 4**

**TRANSFORMASIE IN SUIDER AFRIKA IN DIE 18DE EEU EN DIE 19DE EEU**

South Africa Circa 1750



Detail from *DK Atlas of World History*, Ed. Jeremy Black

- In 1750, was daar geen land of soewereine staat genaamd, Suid-Afrika nie.
- Suid-Afrika het eers ‘n soewereine staat in 1910 bekom. Teen 1750, by die Kaap, onder Hollandse beheer, het setlaars noordwaarts en ooswaarts vanaf Kaapstad beweeg.
- Die San jagter-versamelaars en die Khoi herders het in die dorre en droë noordelike en westerse streke van die Kaap gebly.
- Die Nguni het saam gepers in die kussteke van die Drakensberge in die Oos-Kaap (wat gestrek het van die Oos Kaapse streke en uitgebreid noordwaarts langs die grens van Lesotho en KwaZulu-Natal), gebly.
- Rondom 1750, het die Khoi deel van en met die Xhosa rykdomme tussen die Kei en Keiskamma Riviere geword.

**Konsepte:**

| | |
|---|---|
| Mfecane | |
| Transformasie | |
| Historiese mites | |
| Rykdomme | |
| Khoisan | |
| Khoi | |
| San | |
| Lewene Hawe | |
| Strooptogte | |

**Oosig:**

- Die periode 1750 tot 1820 bly ‘n periode met verskillende weergawes vin geskiedkundiges om na te vors en te verstaan.
- Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het koloniale uitbreidinge in die binneland te ondergaan. Die sogenoemde Mfecane en Britise beheer oor die Khoisan, die Trekboere, die Voortrekkers en die Afrikane rykdomme.
- Geskiedkundiges voer aan dat de land/ grond vir beplanting, hul vee en ander diere, het ‘n brandende punt vir vir verskillende gemeenskappe geword.
- Handel en handelsroetes het ‘n belangrike rol in die transformasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe geword
- Dit het tot baie konflik situasies tussen verskillende gemeenskap gelei.
- Mense het hul land verloor, dit was onteien en baie mense het hul lewens verloor oor die land en handelsroetes kwessies
- Die gebeure tussen 1750 en 1820 het die Suid-Afrikaanse gemeenskap getransformeer.


Shaka Zulu het die leier van die Zulu nasie geword en was een van die grootste beweegredes agter die mfecane. Bron: carpenoctem.tv

Gevalle studie: Suider Tswana Rykdom: 1

Die Tswana rykdommme het die Bafokeng, Bahuruthshe, Bakgatla, Bakwena en Baolong ingesluit. Daar was groeiende konflik tussen hulle.

**Gevalle studie: Suidelike Tswana Rykdom: 2**

Verskeie redes word aangevoer waaom konflik tot transformasie van die gemeenskappe en omliggende gebiede gelei het. Veranderde reënvalpatrone, lewende hawens en lan die land kwessie is sentraal tot die transformasie. Strooptogte uit die Suide was die gevolg.

**OPSTEL - TIPE/ LANGVRAAG**

Bespreek hoe die koms van die Britte die Xhosa geaffekteer het en gelei het tot ko-operasie en konflik sowel as die Xhosa beeste en koeie slagting. [50]

**WERK MET BRONNE**

Wat is ‘n bron?

- ‘n Bron is ‘n bewysstuk wat geskiedkundiges gebruik om die verlede te verklaar.
- Daar is verskillende bronne wat gebruik kan word, byvoorbeeld: briewe, dagboeke, tekte, boeke, prente, spotprente, ens.

**‘n PAAR PUNTE WAT KAN HELP OM BRONNE TE VERSTAAN WANNEER JY MET HULLE WERK:**

- **Lees altyd die bronne noukeurig deur en beantwoord die vrae daarop versigtig.**
- **Maak seker dat jy jou antwoord tot die Vraag behou, moet nie verstek raak deur alles te skrywe wat jy kan aan dink nie.**
- **Lees en gebruik die beskrywings onderaan die prent of spotprent, dit kan baie waardevol wees.**
- **Dink deeglik en kyk na die tyd beskikbaar. Kyk hoeveel punte toegeken word aan ‘n Vraag en of dit werd is om so baie tyd daaraan te bestee.**
- **Onthou: ‘n 8-punt Vraag hoef nie 8 hoof punte tee is nie. Dit is die vlak en wyse van jou analise wat in jou antwoord wat jou die nodige punte sal verskaf.**

**WENKE VIR JOU ANTWOORD:**

- **Eerstens, lees die opskrif en die bron deeglik deur. Vra jouself af wat mense se kennis omtrent die redes vir** byvoorbeeld die veeslagting was **en verstaan die rede vir siektes. Lees eers die opskrif en die bron deeglik. Vra jouself af wat die bron sê oor die redes vir die siektes.**
- **Jy moet bewus wees van wat die bron oordra en wat jou agtergrondkennis is.**
- **Dit is egter nie genoeg om neer te skryf wat die bron vertel jou nie … en dit is wat ek weet …**
- **Om goeie punte te behaal, moet jy jou kennis met die informasie in die bron betrek.**
- **As die bron byvoorbeeld vertel dat siektes deur besmette water wat geïnfekteer was deur gasse, moet jy kan uitbrei. Indien jy net die bronne gebruik sal jy nie meer punte behaal nie, omdat jy nie jou eie kennis bygevoeg het in jou antwoord nie.**
- **Laastens, dink nou aan wat jy alles ken. Wat ken jy omtrent mense se kennis van die siektes in die vroeë neëntiende eeu?**